MIKRO

WERK EN SKEP

# Onderwerp 8:

## Mengsels en Waterbronne

## Deel 1

## Graad 6

Video: les van skyfievertoning

https://youtu.be/DzBvxuKy4jc

Kliek hier om video te kyk

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Instruksies

- Jy moet self die werk in jou handboek deurlees of lees dit op hierdie skyfievertoning.
- Bestudeer alle sketse, figure en diagramme.
- Beantwoord die vrae in jou boek soos aan jou deurgegee.
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Vra jou ouers om dit saam met jou deur te gaan waar jy sukkel.
- Die memorandum sal ook volg – jou ouers moet jou werk saam met jou nasien wanneer julle die memorandum ontvang.
- Vrae kan aan my gerig word op Dinsdae tussen 09:00-11:00 per e-pos of Class Dojo.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hersieningstoets

Baie dankie aan almal wat dit voltooi het.  Ek hoop julle het daaruit geleer.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Waterbesoedeling

Kyk na die onderstaande  prente en ontleed die prente.
bv.  Wat sien jy?
Watter een is besoedel en hoekom?
Dink aan oplossings.
Vra vir jouself `n vraag oor die prente.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Waterbesoedeling, bl 92

## Sleutelwoorde

- **kunsmis** chemikalieë wat gebruik word om plante beter te laat groei
- **insekdoders** chemikalieë wat gebruik word om insekte dood te maak
- **ontlasting** soliede toiletafval
- **cholera** 'n siekte wat deur kieme in menslike ontlasting veroorsaak word
- **diarree** 'n siekte wat jou ontlasting baie los en waterig maak
- **biodiversiteit** al die verskillende soorte plante, diere en ander lewende goed wat in 'n ekostelsel bestaan
- **rioolvullis** menslike afval wat in die toilet afgespoel word

Waterbesoedeling word veroorsaak deur die optrede van mense wat water vuil en onveilig vir lewende dinge maak. Daar is daar baie materiale en stowwe in die omgewing wat met water kan meng of daarin oplos en dit besoedel.

## Oorsake van waterbesoedeling

Water kan besoedel word deur:

- onoplosbare stowwe soos olie en plastiek
- oplosbare stowwe soos seep en kunsmis
- kieme uit toiletafval



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Waterbesoedeling, bl 92

LAERSKOOL MIKRO

## Waterbesoedeling deur onoplosbare stowwe

Onoplosbare stowwe en materiale wat waterbesoedeling veroorsaak, sluit olie, plastiek, motorbande, blikke en glas, en toiletafval in. Hierdie stowwe en materiale kan lewende dinge in die water skaad. Hulle kan ook die mense en diere wat die water drink, skade aandoen.

Oliestortings uit skepe besoedel die see en beskadig die seelewe. Die olie was nie van die voëls se vere af nie. Hulle kan nie met olie op hulle vere vlieg nie en kan nie hulle vlerke oopsprei om droog te word nie. Die voëls vrek van koue of verhongering.



**Figuur 1** Oliestortings uit skepe besoedel die see en beskadig die seelewe

Plastiekafval soos plastieksakke en -bottels, en vislyn in die oseaan, maak jaarliks baie diere dood. Seeskilpaaie vrek as hulle plastieksakke vreet, omdat hulle dit met jellievisse verwar. Diere soos robbe en pikkewyne raak in die vislyn verstrengel, wat hulle kan laat vrek, of beserings veroorsaak waar die vislyn in hulle vel insny.

**Het jy geweet???**

8 Junie – word **Wêreld Oseane Dag** gevier. Junie word ook as die *Oseane maand* gesien, waar hulle baie klem lê op die bewusmaking rondom die bewaring van water en die oseane.

Kliek op die woorde

**Kliek hier om video een te kyk: Wêreld Oseane Dag**

**Kliek hier om video twee te kyk: National Geographic Video**

**Kliek hier om meer te leer van Oseane maand deur Microsoft!**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Waterbesoedeling, bl 93

Mense besoedel water wanneer hulle riviere of stroompies as ’n toilet gebruik of hulle soliede toiletafval daarin gooi. Toiletafval is onoplosbaar en benodig sekere bakterieë om dit af te breek. Kieme in die soliede toiletafval kan mense baie siek maak as hulle die water drink of daarin baai of swem.

**Het jy geweet?**

Die akteur, Jason Momoa, wat die hoofrol in *Aquaman* speel, is een van die grootste aktiviste teen die gebruik van “*single use plastic*”. Sy hoofdoel is om ons oseane te bewaar.

Kyk kort video hier van Jason Momoa



**Figuur 2** Plastiekafval soos plastieksakke en -bottels, en vislyn in die oseaan, maak jaarliks baie diere dood



**Figuur 3** Gebreekte bottels en blikkies beseer diere in die water, of die mense wat in die water swem of baai



# Aktiwiteit:

1) Gaan soek iewers iets interessant en gaan vertel drie mense (buite graad 6 bv. jou ouers) hoe om waterbesoedeling te verminder. Jy kan hulle sommer bel met `n WhatsApp oproep.

2.) Jy moet hierdie mense dophou of hulle water bespaar en of hulle water besoedel. Die geveg teen besoedeling begin by die huis…

Laerskool Mikro Kopiereg ©